




UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918-2018



ROLBLAAR BEHEERSTRATEGIE

10.4 MIERBEHEER AS DEEL VAN DIE WITLUIS BEHEERSTRATEGIE

Miere versteur die effektiewe biologiese beheer van witluise en moet dus beheer word. Heuningdou, wat deur witluise afgeskei word, is h primêre voedselbron van miere in wingerde. Daar is slegs vier spesies van miere wat op heuningdou voed en beheer moet word. Dit is dus belangrik om die tipe miereplaag te identifiseer. Dit sal ook bepaal watter beheermaatreël gebruik moet word.

10.4.1 Identifikasie:

Argentynse mier:

- Lig bruin van kleur
- ± 3 mm (slegs werkers)
- Nes-opening meestal in grond; klein en onbeduidend

Wipstertmier:

- Donker bruin van kleur; hartjie-vormige lyf met angel
- ± 5 mm (slegs werkers)
- Nes in wingerdstok

Malmiere (twee spesies):

- Medium/donker bruin van kleur
- $\pm 3-10$ mm (werkers & soldate)
- Nes-opening slegs in grond; vars grond om die opening



Van bo tot onder: Argentynse mier, Wipstertmier en Malmiere

10.4.2 Monitering:

Monitering vir miere kan saam met monitering vir witluis gedoen word soos volg:

- Begin vroeg in die groeiseisoen wanneer opgelet word dat miere in die stokke op begin beweeg
- Monitor 20 vakkies met vyf stokke elk, eweredig versprei deur die blok (tot 2 ha)
- Teken slegs die aan-of afwesigheid van miere **in die stokke** aan
- Die totale aantal besmette stokke sal die persentasie mierbesmetting vir daardie blok aandui
- Sodra **20%** van die stokke met miere besmet is waar witluis teenwoordig is, kan chemiese beheer toegepas word (Oktober/November).

10.4.3 Chemiese beheer:

- **Miere wat in die grond nesmaak:** Stambehandelings moet met 'n rugsakspuitpomp en ringspuit aanhangsel toegedien word. Stamme moet bo die besproeiingslyne behandel word. Alle opleipale moet ook behandel word. Kolbespuitings is oneffektief aangesien miere oor kruisdrade kan beweeg. Behandel die hele ry. Chemiese stambande het die minste impak op natuurlike vyande. Vir chemiese stambehandeling moet 50 ml van die spuitmengsel eweredig om die stamme bo die besproeiingslyne toegedien word. Een behandeling behoort genoeg vir die hele groeiseisoen te wees, behalwe waar daar hoë mierdruk teenwoordig is. Gedurige monitering is dus belangrik. Chemiese beheer na oes is onnodig.
- **Miere wat in die stokke nesmaak:** Om wipstert miere te beheer, moet 'n voloppervlak bespuiting tydens dormansie aangewend word.

Middels wat gebruik kan word, is beskikbaar op: www.ipw.co.za.

10.4.4 Bewerkingspraktyke:

Plastiek wat oor bankies geplaas word kan in sommige gevalle 'n ideale omgewing aan miere verskaf vir nesmaak, veral in die winter weens 'n verhoging in grondtemperatuur en grondvog. Indien groot getalle miere onder die plastiek waargeneem word, moet die plastiek so gou as moontlik verwyder word.

10.4.5 Onkruidbeheer:

Beheer onkruid gedurende die hele jaar. Hoog-groeiende onkruid op bankies kan alternatiewe paaie vir miere en ander plae verskaf om in die wingerdstok in te klim. Dit moet veral in die groeiseisoen beheer word. Die gebruik van 'n dekgewas sisteem kan help om onkruid te beheer. Baie breëblaar onkruid is gasheerplante vir witluis en die heuningdoo wat hulle afskei is ook 'n voedselbron vir miere.



Argentynse mier wat besig is om heuningdoo by die witluis te soek.



Argentynse mier met heuningdoo.

Fotos bladsy 1: P. Addison, Stellenbosch University. Fotos bladsy 2: R. Stolk, IGWS.

Hierdie navorsing is befonds deur



Departement Wingerd- en Wynkunde, Universiteit Stellenbosch
Outeur: Prof Gerhard Pietersen, Universiteit van Pretoria / LNR-NIPB